5.14. Any person to whom any forest produce or any right to the use or occupation of any land or sawmill, factory or building or any other right has been sold or allotted by agreement or licence, may be required to provide a cash deposit, bank guarantee, security bond or other security approved by the Secretary as guarantee for the due fulfilment by such person of all his obligations in respect of such produce or right, including payment of dues in respect thereof and payment for damage to forest estate for which he may become liable, which guarantee or such part thereof as may be deemed sufficient to cover any damage or loss sustained shall be forfeited if such person fails to meet such obligations: Provided that the forfeiture of such guarantee shall not release the said person from his liability for any loss or damage in excess of the value of such guarantee sustained by the Department through non-fulfilment of such obligations.

5.15. The acceptance of a guarantee in respect of any forest produce or of any right shall be subject to the surety binding himself in law as surety *in solidum* and co-principal debtor, renouncing the benefits of the exceptions of excussion and division.

5.16. Any duly authorised forest officer shall at all reasonable times for official purposes have the right of access to any premises, sawmills or plants where wood obtained from the forest estate is treated, converted or processed.

5.17. Subject to the provisions of regulation 15.1 (a) (ii), a purchaser of wood obtained from the forest estate shall not, without the consent of the Minister, convert, saw, process or treat at any sawmill, sawpit, work station or depot if such sawmill, sawpit, work station or depot is situated on the forest estate, any wood other than that obtained from the forest estate.

5.18. Unless otherwise provided in the conditions of sale, a sale of forest produce obtained from the forest estate shall not become binding until the purchase price or the moneys for a right granted are paid or the requisite licence or receipt is issued or the necessary agreement is entered into, as the case may be.

5.19. The Secretary may, subject to such conditions as he may impose, make allowances for any defects in forest produce if in his opinion such defects in such forest produce or part thereof render it valueless or less usable for the purpose for which it was offered for sale.

5.20. The person to whom any forest produce in a State forest has been allotted or sold shall forfeit his rights to so much of such produce as has not been removed from

5.11. Tenders bly geldig vir 'n tydperk wat gemeld moet word in die kennisgewing waarin cm tenders gevra word.

5.12. Die hoogste of enige tender hoef nie noodwendig aangeneem te word nie.

5.13. Behoudens die bepalings van regulasie 5.19 is nóg die Staat nóg die Minister nóg die Sekretaris nóg enigeen van die beamptes of werknemers van die Departement van Bosbou aanspreeklik vir 'n verlies wat 'n koper ly as gevolg van 'n *bona fide*-fout, -weglating of -vergissing in of in verband met die beskrywing van bosprodukte wat vir verkoop aangebied of geadverteer word, of as gevolg van die onvermoë van die Departement om—

(a) die volle hoeveelheid van sodanige produk te lewer wat vir verkoop aangebied of geadverteer is; en

(b) binne die ooreengekome afleweringstydperk te lewer.

5.14. Van 'n persoon aan wie bosprodukte of 'n reg op die gebruik of die okkupering van grond of 'n saagmeul, fabriek of gebou of 'n ander reg by wyse van ooreenkoms of lisensie verkoop of toegeken is, kan 'n kontant deposito, bankwaarborg, borgakte of ander sekuriteit deur die Sekretaris goedgekeur, geëis word as waarborg vir die behoorlike nakoming deur sodanige persoon van al sy verpligtings ten opsigte van sodanige produkte of reg, met inbegrip van die betaling van bedrae daarop verskuldig en vergoeding vir skade aan bouseiendom waarvoor hy aanspreeklik mag word, en sodanige waarborg of 'n gedeelte daarvan wat voldoende geag word om skade of verliese gely, te dek, word verbeur indien sodanige persoon nie sodanige verpligtings nakom nie: Met dien verstande dat die verbeuring van sodanige waarborg sodanige persoon nie vrystel van sy aanspreeklikheid vir verliese of skade bo en behalwe die waarde van sodanige waarborg deur die Departement gely as gevolg van die nie-nakoming van sodanige verpligtings nie.

5.15. Die aanname van so 'n waarborg ten opsigte van 'n bosprodukt of van 'n reg is onderworpe aan die voorwaarde dat die borg hom regtens verbind as borg *in solidum* en medehoofskuldenaar en afstand doen van die voorregte van die eksepsie van uitwinning en skuldverdeling.

5.16. 'n Behoorlik gemagtigde bosbeampte het te alle redelike tye vir amptelike doeleindes die reg van toegang tot persele, saagmeulens of installasies waar hout afkomstig van die bouseiendom behandel, bewerk of verwerk word.

5.17. Behoudens die bepalings van regulasie 15.1 (a) (ii) mag 'n koper van hout afkomstig van die bouseiendom nie sonder die toestemming van die Minister hout wat nie van die bouseiendom afkomstig is nie by 'n saagmeul, saagput, saagwerkplek of depot saag, bewerk, verwerk of behandel nie, indien sodanige saagmeul, saagput, saagwerkplek of depot op die bouseiendom geleë is.

5.18. Tensy in die verkoopsvoorwaardes anders bepaal word, is 'n verkoping van bosprodukte wat van die bouseiendom verkry is, nie bindend nie totdat die koopprys of die gelde vir 'n toegestane reg betaal of, na gelang van die geval, die nodige lisensie of kwitansie uitgereik of die nodige ooreenkoms aangegaan is.

5.19. Die Sekretaris kan, op voorwaardes wat hy stel, toegewings doen vir gebreke in bosprodukte indien sodanige gebreke in die bosprodukte of deel daarvan na sy mening die bosprodukte waardeloos of minder bruikbaar maak vir die doel waarvoor dit vir verkoop aangebied was.

5.20. Die persoon aan wie bosprodukte in 'n Staatsbos toegeken of verkoop is, verbeur sy reg op soveel van sodanige produkte as wat nie binne die tydperk in die

the State forest concerned or to a place in such State forest indicated by a forest officer within the period stipulated in the relevant licence or deed of sale. The Secretary may grant an extension of the said period. If such person still fails to remove such forest produce within the extended period, the Secretary shall dispose thereof.

5.21. Notwithstanding anything to the contrary in these regulations, the Secretary may dispose of any forest produce through an approved agent in the manner prescribed in regulation 5.2.

5.22. Subject to the provisions of these regulations, the Secretary shall, in respect of any State forest, have the power to prescribe the conditions attaching to the sale or disposal of trees, wood or other forest produce and to the use of land for cultivation, grazing or camping, or for picnicking or for residential purposes and to hunting or fishing.

6. FELLING, CONVERTING, PROCESSING AND REMOVAL OF FOREST PRODUCE IN A STATE FOREST

6.1. The Secretary may, in respect of any State forest and subject to the provisions of the Act and to the payment of such fees as may have been prescribed, by licence or permit granted on such conditions as he may determine or by written agreement, authorise any person to fell, cut, take, convert, process or remove any forest produce in such State forest.

6.2. The Secretary may place a distinguishing number or mark on forest produce which is sold and no person shall, except with the consent of a forest officer, remove, obliterate or deface any distinguishing number or mark so placed until such forest produce has been lawfully felled or removed.

6.3. The Secretary may rule that all wood that has been needlessly wasted in the felling of a tree or in the conversion or processing of the wood contained therein, shall be included in the valuation thereof.

6.4. No person shall remove forest produce from a State forest unless—

- (a) it has been stamped or marked for removal with the letters BD/FD or some other departmental mark; or
- (b) the removal thereof has been authorised by a forest officer; or
- (c) the conditions of sale thereof otherwise provide.

6.5. No forest produce shall be converted or processed in any manner within a State forest elsewhere than at a place set aside by a forest officer for that purpose.

6.6. All forest produce which has to be stamped for removal in terms of these regulations shall be stacked in such a manner as to allow the forest officer easy access to each piece, and the said officer may refuse to stamp any wood which is not properly stacked.

6.7. The volume and value of any wood to be sold shall be determined before the conversion or the processing thereof is commenced: Provided that the responsible forest officer may authorise a purchaser to convert or process the wood in defective trees to such an extent as may be necessary to enable such officer to determine the value thereof, which shall include the value of those portions considered by such officer to have been needlessly wasted in felling or conversion or processing.

betrokke lisensie of verkoopakte genoem uit die betrokke Staatsbos of na 'n plek deur 'n bosbeampte in sodanige Staatsbos aangewys, verwyder is nie. Die Sekretaris kan 'n verlenging van genoemde tydperk toestaan. Indien sodanige persoon dan nog in gebreke bly om sodanige bosprodukte binne die verlengde tydperk te verwyder, beskik die Sekretaris daaroor.

5.21. Die Sekretaris kan, ondanks andersluidende bepalinge van hierdie regulasies, bosprodukte deur bemiddeling van 'n goedgekeurde agent van die hand sit op die wyse bepaal in regulasie 5.2.

5.22. Behoudens die bepalinge van hierdie regulasies is die Sekretaris bevoeg om ten opsigte van 'n Staatsbos die voorwaardes voor te skryf verbonde aan die verkoop van of beskikking oor bome, hout of ander bosprodukte en aan die gebruik van grond vir bewerking, weiding of kampering, of vir piekniek- of vir woondoelindes en aan jag of visvang.

6. VEL, BEWERKING, VERWERKING EN VERWYDERING VAN BOSPRODUKTE IN 'N STAATSBOS

6.1. Die Sekretaris kan, ten opsigte van 'n Staatsbos en behoudens die bepalinge van die Wet en die betaling van sodanige gelde as wat voorgeskryf is, by lisensie of permit toegestaan op voorwaardes deur hom gestel, of by skriftelike ooreenkoms, enigiemand magtig om in sodanige Staatsbos bosprodukte te vel, te kap, te neem, te bewerk, te verwerk of te verwyder.

6.2. Die Sekretaris kan 'n onderskeidende nommer of merk aanbring op bosprodukte wat verkoop word en niemand mag, behalwe met die toestemming van 'n bosbeampte, 'n onderskeidende nommer of merk aldus aangebring, verwyder, uitwis of skend voordat sodanige bosprodukte wettig gekap of verwyder is nie.

6.3. Die Sekretaris kan bepaal dat alle hout wat onnodig verkwis is by die vel van 'n boom of by die bewerking of verwerking van die hout wat dit bevat by die waarderling daarvan ingesluit word.

6.4. Niemand mag bosprodukte uit 'n Staatsbos verwyder nie tensy—

- (a) dit met die letters BD/FD of 'n ander Departementele merk vir verwydering gestempel of gemerk is; of
- (b) die verwydering daarvan deur 'n bosbeampte gemagtig is; of
- (c) die voorwaardes van verkoop daarvan anders bepaal.

6.5. Geen bosprodukte mag binne 'n Staatsbos op 'n ander plek as wat deur 'n bosbeampte vir dié doel afgesonder is, op enige wyse bewerk of verwerk word nie.

6.6. Alle bosprodukte wat ooreenkomstig hierdie regulasies vir verwydering gestempel moet word, moet op so 'n wyse gestapel word dat elke stuk geredelik toeganklik is vir die bosbeampte, en gemelde beampte kan weier om hout te stempel wat nie behoorlik gestapel is nie.

6.7. Die volume en waarde van hout vir verkoop word bepaal voordat die bewerking of verwerking daarvan 'n aanvang neem: Met dien verstande dat die verantwoordelike bosbeampte 'n koper kan magtig om hout in bome wat gebreke het, te bewerk of verwerk in die mate wat nodig is om sodanige beampte daartoe in staat te stel om die waarde daarvan te bepaal, en gemelde waarde sluit die waarde van die dele in wat na die mening van sodanige beampte by die vel of bewerking of verwerking onnodig verkwis is.

7. MEASURES OF CAPACITY AND WEIGHT FOR FOREST PRODUCE

7.1. The denominations for measures of capacity and weight to be used in connection with every contract, agreement, sale or dealing in respect of forest produce from the forest estate shall be the denominations used in the Weights and Measures Act, 1958 (Act 13 of 1958), as amended.

7.2. Unless otherwise provided by the State President by proclamation under the said Act, the use in respect of the sale of wood from the forest estate of the measures of capacity known as the "quarter girth" and the "super foot" shall be prohibited.

7.3. The volume of a round log, pole, lath or dropper shall be taken to be the product of its length and its mean sectional area.

7.4. For the purpose of calculating volume as provided in regulation 7.3, the Secretary may, when diameter, girth and length have been measured, round off fractions of a diameter, length or girth measurement as the case may be, and he may calculate the mean sectional area of logs, poles, laths or droppers in accordance with rules and methods prescribed by him.

7.5. The Secretary may determine the volume of round wood by stacking it at right angles and converting the stacked volume, being the product of the length, width and height of the stack, into solid volume by the application of a conversion factor prescribed by him.

7.6. After volumes have been calculated, the Secretary may round off fractions of a cubic unit as he may deem fit.

7.7. The volume of squared wood shall be the product of the width, depth and length thereof based on actual or nominal measurements according to the custom of the trade.

7.8. Due allowance for inherent or other defects caused by natural agencies may be made by the Secretary in measuring any log, tree or wood.

8. ESTABLISHMENT AND MANAGEMENT OF STATE SAWMILLS AND STATE WOOD FACTORIES

8.1. Subject to the approval of the Minister and of the Treasury, the Secretary may establish and manage State sawmills and further, in consultation with the Secretary for Industries, wood factories, wood impregnation or preservation plants or wood pulp or paper factories or other State plants or factories, with any appurtenances necessary for sawing, conversion, processing or treatment of wood or other forest produce obtained from the forest estate.

8.2. Any such sawmill, factory, plant or appurtenances thereto may be operated by the Secretary for research purposes or for the production of wood or other products for disposal, in the manner provided in these regulations, to any Government department or local authority or company or to the public in general, or for use by the Department.

8.3. Any such sawmill, factory, plant or appurtenances thereto may, with the approval of the Minister and of the Treasury and subject to the provisions of these regulations, be leased by the Secretary to any person for the sawing, conversion, processing or treatment of forest produce, or may be sold or disposed of to any person for use for any of the purposes aforementioned.

7. INHOUDS- EN GEWIGSMATE VIR BOS-PRODUKTE

7.1. Die maateenhede van inhouds- en gewigsmate wat in verband met elke kontrak, ooreenkoms, verkoping of transaksie met betrekking tot bosprodukte afkomstig uit bouseiendom gebruik moet word, is die maateenhede wat in die Wet op Mate en Gewigte, 1958 (Wet 13 van 1958), soos gewysig, gebruik word.

7.2. Tensy die Staatspresident by proklamasie kragtens genoemde Wet anders bepaal, is die gebruik in verband met die verkoop van hout afkomstig uit die bouseiendom van die inhoudsmate bekend as die "quarter girth" en die "super foot" verbode.

7.3. Die volume van 'n ronde blok, paal, lat of spanpaaltjie is die produk van sy lengte en sy gemiddelde stamvlak.

7.4. Vir die berekening van volume soos in regulasie 7.3 bepaal, kan die Sekretaris, wanneer deursnee, omtrek en lengte gemeet is, breuke van 'n deursnee-, omtrek-, of lengtemaat, al na die geval, afrond en kan hy die gemiddelde stamvlak van blokke, pale, latte of spanpaaltjies bereken ooreenkomstig reëls en metodes deur hom voorgeskryf.

7.5. Die Sekretaris kan die volume van ronde hout bepaal deur dit reghoekig te stapel en die gestapelde volume, wat die produk is van die lengte, breedte en hoogte van die stapel, om te sit in soliede volume deur toepassing van 'n omsettingsfaktor deur hom bepaal.

7.6. Nadat volumes bereken is, kan die Sekretaris na goeddunke breuke van 'n kubieke eenheid afrond.

7.7. Die volume van vierkantig afgewerkte hout is die produk van die breedte, dikte en lengte daarvan volgens werklike of nominale mate ooreenkomstig die handelsgebruik.

7.8. By die meet van 'n blok, boom of hout kan die Sekretaris vir inherente of ander gebreke wat deur natuurlike faktore veroorsaak word toegewings maak.

8. OPRIGTING EN BESTUUR VAN STAATSAAGMEULENS EN -HOUTFABRIEKE

8.1. Die Sekretaris kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister en van die Tesourie, Staatsaagmeulens, en voorts in ooreenstemming met die Sekretaris van Nywerheidswese, Staatshoutfabrieke of -impregnerings- of verduursamingsinstallasies of -houtpulp- of papierfabrieke of ander Staatsinstallasies of -fabrieke, met die toebehore wat nodig is vir die saag, bewerking, verwerking, of behandeling van hout of ander bosprodukte afkomstig uit die bouseiendom, oprig en bestuur.

8.2. So 'n saagmeul, fabriek of installasie of toebehore daarby kan deur die Sekretaris aangewend word vir navorsingsdoeleindes of vir die produksie van hout of ander produkte bestem om, op die wyse in hierdie regulasies bepaal, aan 'n Staatsdepartement of plaaslike owerheid of maatskappy of aan die publiek in die algemeen van die hand gesit te word, of deur die Departement gebruik te word.

8.3. So 'n saagmeul, fabriek of installasie of toebehore daarby kan deur die Sekretaris met die goedkeuring van die Minister en van die Tesourie en behoudens die bepalinge van hierdie regulasies aan enigiemand vir die saag, bewerking, verwerking, of behandeling van bosprodukte verhuur of aan enigiemand vir gebruik vir enige van voormelde doeleindes verkoop of van die hand gesit word.

9. ERECTION OF BUILDINGS ON STATE FORESTS

9.1. Subject to the approval of the Treasury, the Secretary may erect buildings or works on State forests for the accommodation of the Department's staff and the efficient performance of the functions of the Department.

10. ACCESS AND CONNECTING ROADS ON STATE FORESTS

10.1. The Secretary may, for the proper administration, management and control of the forest estate, construct or cause to be constructed such roads, slip paths, sledge paths, chutes, railway lines, landing strips, cableways, bridges or culverts on the forest estate as may in his opinion be necessary for access or exploitation roads for the transportation of forest produce and protection of the forest estate.

10.2. The holder of a licence, permit or agreement for the purchase or removal of forest produce from a State forest (in these regulations referred to as "purchaser"), shall be entitled to the use of such roads, slip paths and sledge paths, hereinafter referred to as access roads, existing thereon as may be required in connection with the exercise of his rights, subject to such rules or conditions as the Secretary may lay down in particular instances at any time during the currency of the relevant licence, permit or agreement and subject further to the following conditions:—

(a) The Secretary or a forest officer may close to traffic any access road during the repair thereof, or prohibit the use thereof for some other reason.

(b) Should any access road be obstructed as a result of felling or other operations conducted by a purchaser or his employees, he shall remove the obstruction forthwith so as to allow free and unrestricted passage, failing which the Secretary or a forest officer may cause the obstruction to be removed at the expense of the purchaser.

(c) The Secretary may, in order to safeguard the forest estate against fire and other damage, impose restrictions on the type of vehicle, machine or other equipment which may be used by a purchaser in a State forest.

(d) Any purchaser using any access road shall maintain the same and all appurtenances thereto in a proper state of repair, fair wear and tear excepted, and if he fails to do so, the Secretary may forthwith cause all necessary repairs to be executed at the expense of the purchaser.

(e) Without the permission referred to in regulation 15.1 (b) (ii), a purchaser shall not make any new access roads on any State forest for the removal of forest produce.

11. USE OF ROADS ON STATE FORESTS BY THE TRAVELLING PUBLIC

11.1. Any person travelling on an access road constructed or maintained on a State forest by the Department for its own purposes—

(a) shall travel on or use such access road subject to the provisions of the relevant provincial traffic ordinances;

(b) shall be liable for any damage caused by him to such access road and/or to any appurtenance thereto; and

(c) may not institute any action against the State, the Minister, the Secretary, a forest officer or other officer or employee of the Department for any injury to or loss sustained by any person in consequence of his travelling on or using such access road.

9. OPRIGTING VAN GEBOUE OP STAATSBOSSE

9.1. Behoudens goedkeuring deur die Tesourie kan die Sekretaris geboue of werke op Staatsbosse oprig vir die huisvesting van die Departement se personeel en die doeltreffende uitvoering van die werksaamhede van die Departement.

10. TOEGANGS- EN VERBINDINGSPAAIE OP STAATSBOSSE

10.1. Die Sekretaris kan vir die behoorlike administrasie, bestuur en beheer van die bouseiendom sodanige paaie, sleeppaaie, sleepaaie, glybane, spoorlyne, landingstrokke, kabelbane, brûe of duikslote op die bouseiendom bou of laat bou as wat na sy mening nodig is as toegangspaaie of ontginningpaaie vir die vervoer van bosprodukte en die beskerming van die bouseiendom.

10.2. Die houër van 'n lisensie, permit of ooreenkoms vir die koop of verwydering van bosprodukte uit 'n Staatsbos (in hierdie regulasie "koper" genoem) is, behoudens die reëls of voorwaardes wat die Sekretaris in bepaalde gevalle te eniger tyd gedurende die geldigheidstermyn van die betrokke lisensie, permit of ooreenkoms stel, en verder behoudens onderstaande voorwaardes, daartoe geregtig om gebruik te maak van die paaie, sleeppaaie, sleepaaie, hieronder toegangspaaie genoem, wat daarop bestaan en wat in verband met die uitoefening van sy regte nodig mag wees:—

(a) Die Sekretaris of 'n bosbeampte kan 'n toegangspad vir verkeer sluit gedurende die herstel daarvan, of die gebruik daarvan om 'n ander rede verbied.

(b) Indien 'n toegangspad as gevolg van werksaamhede in verband met die vel van bome of ander werksaamhede van 'n koper of sy werklui versper word, moet die koper die versperring onverwyld verwyder ten einde vrye en onbelemmerde deurgang te verseker; en indien die koper versuim om dit te doen, kan die Sekretaris of 'n bosbeampte die versperring op die koper se koste laat verwyder.

(c) Die Sekretaris kan beperkings op lê op die tipe voertuig, masjien of ander uitrusting wat deur 'n koper van bosprodukte in 'n Staatsbos gebruik word, ten einde die bouseiendom teen brand en ander skade te vrywaar.

(d) 'n Koper moet alle toegangspaaie wat hy gebruik asook alle toebehorens daarby in goeie toestand hou, redelike slytasie uitgesonder, en indien hy versuim om dit te doen, kan die Sekretaris onverwyld alle nodige herstelwerk op die koper se koste laat doen.

(e) Sonder die toestemming in regulasie 15.1 (b) (ii) genoem, mag 'n koper geen nuwe toegangspaaie vir die verwydering van bosprodukte uit enige Staatsbos maak nie.

11. GEBRUIK VAN PAAIE OP STAATSBOSSE DEUR DIE REISENDE PUBLIEK

11.1. 'n Persoon wat reis op 'n toegangspad wat die Departement vir sy eie doeleindes op 'n Staatsbos gemaak het of in stand hou, of wat dit gebruik—

(a) reis op of gebruik sodanige toegangspad onderworpe aan die bepalings van die betrokke provinsiale verkeersordonnansies;

(b) is aanspreeklik vir alle skade wat hy aan sodanige toegangspad en/of toebehorens daarby veroorsaak; en

(c) kan geen geding instel teen die Staat, die Minister, die Sekretaris, 'n bosbeampte of 'n ander beampte of werknemer van die Departement weens beserings van of verliese gelyk deur 'n persoon as gevolg daarvan dat hy sodanige toegangspad gebruik het of daarop gereis het nie.

12. TRESPASSING BY STOCK ON STATE FORESTS

12.1. The forest officer in charge of any State forest may, subject to the laws relating to the impounding of stock, either himself or through an officer or employee of the Department, round up and impound any stock trespassing on such State forest or any animals found thereon beyond the limits prescribed in any grazing licence or permit issued in respect of such State forest or any animals that exceed the number specified in any such licence or permit.

12.2. Trespass fees and mileage due in connection with the impounding of stock trespassing on a State forest shall be paid to the forest officer impounding such stock or to the person who drives such stock to the pound and shall in all cases be treated as State revenue.

12.3. Nothing in these regulations contained shall prevent the Secretary from instituting legal proceedings under section 21 of the Act against the owner of animals found trespassing on any State forest or from taking legal action for the recovery of damages resulting from such trespass.

13. GRAZING AND CULTIVATION OF STATE FORESTS

13.1. The Secretary may, in respect of any State forest, and subject to the provisions of the Act and to the payment of the prescribed fees, by licence or permit granted on such conditions as he may determine, or by written agreement, authorise any person to enter a State forest to graze animals or to clear or prepare land for the cultivation of crops or for other purposes.

13.2. Subject to the provisions of these regulations, the terms of any licence or permit issued or agreement entered into thereunder, no person shall graze animals on any State forest except under the authority of a licence or permit obtained from the Secretary, specifying the kind and number of animals that may be grazed, the area on which and the period during which they may be grazed.

13.3. The Secretary may, in respect of all grazing permitted by him, impose conditions designed to safeguard the veld against over-stocking and deterioration and to protect the soil against erosion, especially in the case of catchment and drift-sand areas, or to prevent the grazing of animals, especially of goats, in thickly wooded parts, or the grazing of any but healthy animals or to prevent stock diseases.

13.4. The person in charge of animals grazing under the authority of any grazing licence or permit, shall on demand produce such licence or permit to a magistrate, justice of the peace, police officer or forest officer, and shall ensure that such animals are at all times properly herded, that they do not exceed the number authorised and do not stray beyond the prescribed limits.

13.5. The right of grazing conferred under a grazing licence or permit shall not be of such a nature as to interfere with the lawful exercise by the holder of any other licence or permit of his rights in or over the area concerned.

13.6. The Secretary shall have the right to resume for the purposes of the Department or for such other purposes as the Minister may approve, a portion or the whole of any area on which grazing or cultivation rights have been granted: Provided that reasonable notice of the proposed exercise of such right to resume shall be given to the holder of the said rights and that a proportionate refund of the fee paid for the right concerned may be claimed from the Secretary in respect of the unexpired period of his licence or permit.

12. OORTREDING DEUR VEE OP STAATSBOSSE

12.1. Die bosbeampte belas met die toesig oor 'n Staatsbos kan, behoudens die wette betreffende die skut van vee, of self of deur bemiddeling van 'n beampte of werknemer van die Departement vee wat op sodanige Staatsbos oortree of diere wat buite die perke omskrywe in 'n weidingslisensie of -permit uitgereik ten opsigte van sodanige Staatsbos, daarin gevind word, of diere bo en behalwe die getal in so 'n lisensie of permit genoem, aankeer en skut.

12.2. Oortredings- en mylgelde verskuldig in verband met die skut van vee wat in 'n Staatsbos oortree, moet betaal word aan die bosbeampte wat sodanige vee skut of aan die persoon wat sodanige vee na die skut neem, en moet in alle gevalle as Staatsinkomste behandel word.

12.3. Niks in hierdie regulasies vervat nie, belet die Sekretaris om teen die eienaar van diere wat in 'n Staatsbos oortree, kragtens artikel 21 van die Wet geregtelike stappe te doen of 'n regseding in te stel vir die verhaal van skade deur sodanige oortreding veroorsaak.

13. BEWEIDING EN BEWERKING VAN STAATSBOSSE

13.1. Die Sekretaris kan ten opsigte van 'n Staatsbos en behoudens die bepalinge van die Wet en die betaling van die voorgeskrewe gelde, by lisensie of permit toegestaan op voorwaardes deur hom gestel, of by skriftelike ooreenkoms, enigiemand magtig om 'n Staatsbos binne te gaan om diere te laat wei of om grond vir die kweek van gewasse, of vir ander doeleindes, skoon te maak of te bewerk.

13.2. Behoudens die bepalinge van hierdie regulasies, die voorwaardes van 'n lisensie of permit daarkragtens uitgereik of 'n ooreenkoms daarkragtens aangeaan, mag niemand diere in 'n Staatsbos laat wei nie, behalwe kragtens 'n lisensie of permit wat van die Sekretaris verkry is en waarin genoem word die soort en getal diere wat laat wei kan word, die gebied waarop en die tydperk waarin hulle laat wei kan word.

13.3. Die Sekretaris kan ten opsigte van alle weiding wat deur hom toegelaat word, voorwaardes stel wat daarop bereken is om die veld teen oorbeweiding en agteruitgang en die grond, veral in die geval van wateropvang- en waaissandgebiede, teen erosie te vrywaar of om beweiding deur diere, veral bokke, op digbeboste dele, of beweiding deur diere wat nie gesond is nie, te verhoed, of om vee-siektes te voorkom.

13.4. Die persoon wat toesig het oor diere wat kragtens 'n weidingslisensie of -permit wei, moet sodanige lisensie of permit op versoek aan 'n landdros, vrederegtter, polisie-beampte of bosbeampte toon en moet toesien dat sodanige diere te alle tye behoorlik opgepas word, dat hulle nie die gemagtigde getal oorskry nie en nie buite die voorgeskrewe perke gaan nie.

13.5. Die weidingsreg wat by weidingslisensie of -permit verleen word, mag nie van so 'n aard wees nie dat dit inbreuk maak op die wettige uitoefening deur die houer van 'n ander lisensie of permit van sy regte in of oor die betrokke gebied.

13.6. Die Sekretaris het die reg om 'n gebied ten opsigte waarvan weidings- of bewerkingsregte verleen is of enige gedeelte daarvan vir die doeleindes van die Departement of vir ander doeleindes wat die Minister goedkeur, terug te neem: Met dien verstande dat redelike kennisgewing van die voorgenome uitoefening van sodanige reg op terugname aan die houer van genoemde regte moet geskied en dat 'n gedeelte van die bedrag vir die betrokke reg betaal in verhouding tot die onverstreke tydperk van sy lisensie of permit van die Sekretaris teruggeëis kan word.

13.7. The holder of a licence or permit conferring grazing rights or the right to cultivate crops on any State forest, shall keep the area described therein free of noxious weeds or plants, to the satisfaction of the Secretary.

13.8. The limits of the area in which the clearing, fallowing or cultivation of land is permitted, shall be indicated by the Secretary on the ground by means of beacons or otherwise and shall be described in the relevant licence, permit or other written document.

13.9. No person shall impound stock trespassing upon land held under licence or permit for the cultivation of crops unless such land is enclosed with a substantial fence which is kept in a good state of repair.

13.10. The Secretary shall not be responsible for providing dipping facilities on land in respect of which grazing rights have been granted.

13.11. The holder of grazing or cultivation rights in a State forest shall not burn any veld thereon, except under the authority of the forest officer in charge of such State forest.

13.12. The Secretary may, as a condition of any licence or permit issued or agreement entered into in respect of any State forest, grant to the holder thereof permission to graze without charge on such State forest any animals bona fide required for the exercise of the rights granted in terms of such licence or permit or agreement.

13.13. Levies or amounts due in respect of the allocation of grazing and cultivation rights on a State forest shall be payable in advance at the time of issue of the licence or permit or at the time the agreement whereby the rights are allocated is entered into.

14. ENTRY, OUTDOOR RECREATION AND REST HOUSES ON STATE FORESTS

14.1. The Secretary may, save as provided in regulation 14.4, regulate and control entry to any State forest for the purpose of visiting, picnicking or camping, by means of the issue of licences or permits.

14.2. The Secretary may set aside picnicking or camping, including bathing, places on State forests for use by the public for recreational purposes and may provide, with the approval of the Minister and the Treasury, such conveniences in connection therewith as he may deem necessary or desirable. Right of entry to or occupation of such places shall at all times be in the discretion of the Secretary, and shall be subject to such rules as he may prescribe. Different rules may be prescribed for different places or different circumstances.

14.3. The Secretary may, with the approval of the Minister and the Treasury, acquire or cause to be erected rest or seaside houses or other buildings and may provide camping and bathing facilities on State forests, and he shall—

- (a) decide on the occupation and use thereof;
- (b) exercise control over the occupation and use thereof by means of licences or permits;
- (c) determine the conditions upon which such licences or permits shall be issued.

14.4. The Secretary may, subject to such rules as he may prescribe from time to time, allow the use of roads or footpaths for official visits and the use of picnicking, camping or bathing places specially laid out or set aside for the purpose on State forests without licence or permit for specified times of the day, or for specified periods or seasons of the year.

13.7. Die houer van 'n lisensie of permit waarby weidingsregte of die reg om in 'n Staatsbos gewasse te kweek, verleen word, moet die daarin omskrewre gebied tot tevredenheid van die Sekretaris van skadelike onkruid en plante skoonhou.

13.8. Die perke van die gebied waarin die skoonmaak, braak of bewerking van grond toegelaat word, moet deur die Sekretaris by wyse van bakens of andersins op die grond aangedui en in die betrokke lisensie, permit of ander skriftelike stuk beskryf word.

13.9. Niemand mag vee wat oortree op grond wat ingevolge 'n lisensie of permit vir die kweek van gewasse gehou word, skut nie, tensy sodanige grond omhein is met 'n stewige heining wat behoorlik in stand gehou word.

13.10. Die Sekretaris is nie verantwoordelik vir die verskaffing van dipfasiliteite op grond ten opsigte waarvan weidingsregte toegestaan is nie.

13.11. Die houer van weidings- of bewerkingsregte in 'n Staatsbos mag geen veld daarin brand nie, tensy die bosbeampte wat sodanige Staatsbos onder sy toesig het magtiging daartoe verleen.

13.12. Die Sekretaris kan, as 'n voorwaarde van 'n lisensie of permit uitgereik of 'n ooreenkoms aangegaan ten opsigte van 'n Staatsbos, aan die houer daarvan verlof verleen om in sodanige Staatsbos die diere kosteloos te laat wei wat bona fide nodig is in verband met die uitoefening van die regte by sodanige lisensie of permit of ooreenkoms verleen.

13.13. Heffings of bedrae verskuldig ten opsigte van die toekenning van weidings- en bewerkingsregte in 'n Staatsbos is vooruitbetaalbaar by uitreiking van die lisensie, of permit, of by die aangaan van die ooreenkoms waarkragtens die regte toegestaan word.

14. TOEGANG, ONTSPANNING IN DIE OPELUG EN RUSHUISE OP STAATSBOSSE

14.1. Die Sekretaris kan, behoudens die bepalings van regulasie 14.4, toegang tot 'n Staatsbos op besoek of om piekniek te maak of om te kampeer, by wyse van die uitreiking van lisensies of permitte reël en beheer.

14.2. Die Sekretaris kan piekniek- of kampeerplekke, met inbegrip van baaiplekke, in Staatsbosse afsonder vir gebruik deur die publiek vir ontspanningsdoeleindes, en kan in verband daarmee en met die goedkeuring van die Minister en die Tesourie, die geriewe verskaf wat hy nodig of wenslik ag. Die reg van toegang tot of okkupering van sodanige plekke word te alle tye na goeddunke van die Sekretaris verleen en is onderworpe aan die reëls wat hy voorskryf. Verskillende reëls kan vir verskillende plekke of verskillende omstandighede voorgeskryf word.

14.3. Die Sekretaris kan, met die goedkeuring van die Minister en die Tesourie, rus- of strandhuise of ander geboue aankoop of laat oprig en kan kampeer- of baaifasiliteite in Staatsbosse verskaf, en hy—

- (a) beslis oor die okkupering en gebruik daarvan;
